Augustus 2021

LAAT JOU INENT
KOM ONS DOEN DIT

Het die COVID-19-entstof newe-effekte?

Ligte newe-effekte is algemeen in die eerste 3 dae. Wees op die uitkyk vir die volgende.

Arm is seer of rooi op die plek waar jy ingespuit is

Koors/ kouekoors

Hoofpyn

Moegheid

Spierpyn

Naarheid

Hierdie ligte newe-effekte begin so 6 uur na inenting en hou 1 tot 2 dae aan. As dit nodig is, gebruik parasetamol vir pyn en koors.

Die newe-effekte wys dat jou liggaam besig is om ’n immuunreaksie op te stel. As jy geen newe-effekte kry nie, beteken dit nie jou liggaam is nie besig met ’n immuunreaksie nie.

Seldsame newe-effekte kom voor by tussen 1 en 7 mense vir elke miljoen inentings wat gegee is.

Dit sluit in ’n ernstige allergiese reaksie genaamd anafilakse (binne minute tot ure) en seldsame bloedklonte (tussen 4 dae en 3 weke).

Wes-Kaapse Regering

As jy enige vrae oor die newe-effekte van die COVID-19-entstof het, kontak die Wes-Kaapse inbelsentrum: **0860 142 142.**